Ek is... Poortbode Harties NG

Week: 29 Maart - 4 April

Efesiërs 1:23
"Die kerk is Sy liggaam, die volheid van Hom, wat alles in almal vervul."

1. **Danville-kospakkies:** Aflewering vind op Vrydag 3 April plaas. Indien u 'n kontantbydrae wil maak, kan u 'n EFT-betaling maak na: **NG Kerk Hartbeespoort, ABSA, Rekeningnommer: 0640 580 364 Takkode: 334 -146 en verwysing: Danville-projek.**

Dankie dat ons steeds in hierdie uiterste, moeilike tye uit ons oorvloed vir hulle, wat soveel minder voorregte as ons het, kan voorsien. Ons waardeer elke lidmaat se betrokkenheid.

2. **Gebedsversoeke:**

- Daan en Annatjie Louw met hulle spesifieke omstandighede.
- Ria Fourie: Sy is Sondag gehospitaliseer en op 'n intraveneuse drup geplaas. Dit gaan beter met haar—sy is Maandag ontslaan en na baie bloedtoetse het sy die goeie nuus gekry dat sy nie die laaste vier bestralings hoef te ondergaan nie, al haar bloedtoetse is weer normaal.
- Die Covid-19 virus: ons kom in diepe afhanklikheid na ons Here toe en bid vir die wêreldwye pandemie wat elke mens op aarde se lewe tans beïnvloed.

3. **Heilsmuur**

In hierdie tyd, meer as ooit, moet en het ons ook meer tyd om ons voor God te verootmoedig. Gebruik gerus dié riglyne om u kuiertyd by God in te rig.

Wag op die Here. (Hy ken ons nood) Habakuk 1:2 - 5; 2:1 - 4

3.1 Hab. 2:1: "ek wil wag om te verneem wat die Here vir my wil sê."

3.2 Wat doen ons die dag as ons voel God en mens het van my vergeet. Jy bid, maar kry nie antwoorde nie, klop , maar niemand maak oop nie, ek staan alleen! Almal het my verlaat , ek is alleen.

3.3 Habakuk bou ń hoë muur; soos 'n brandwag en wag op God se antwoord. Hy gaan sit en wag, stil in af wagting op God. Hy dwing nie 'n antwoord af nie. (Ons wil gewoonlik in beheer wees, maar God weet die beste.)

3.4 Stilte is 'n geneesmiddel; wag op die Here, op die regte tyd kom die antwoord.

3.5 God tree op die regte tyd in, Hy straf die wat gestraf moet word en seën die wat getrou op Hom wag en bly. Hab. 2:4.

3.6 Habakuk se gebed: Hab. 3:17 en 18: Al sal die vyeboom nie bot nie; nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God my redder. Amen.

4. Kommunikasie tydens die isolasietydperk:

A. Whattsapp-groepe van lidmate op ons kerkregister is gestig en alle preke en "huisbesoeke" word op Dinsdae, Donderdae en Saterdae uitgestuur. Ons internetstelsel kon ongelukkig nie 'n e-pos met die preek as aan-hangsel hanteer nie.

B. Alle preke asook inligting soos die besprekingsvrae en die Poortbode word op ons **Facebook-blad: Harties NG Kerk** geplaas, asook op ons webbladsy: **www.hartiesng.org .**

C. Jy kan ook direk op die Youtube-kanaal inskakel en soek vir Harties NG—al die preke is ook daarop gelaai.

5. Verjaarsdae:

Baie geluk aan almal wat in hierdie week verjaar.
Mag jy op jou besondere dag die liefde en
omarming van ons Here Jesus beleef.

6. Passiespele:

Die Passiespele is tot en met verdere kennisgewing uitgestel. Ons vertrou dat die Coronavirus teen Hemelvaart en Pinkster onder beheer is en as dit die Here se wil is, dat ons die Passiespel dan in die week van 18—21 Mei sal kan aanbied.

7. Kollekte of dankoffers:

EFT

NG Kerk Hartbeespoort
ABSA
Rekeningnommer: 0640 580 364
Takkode: 334-146
Verwysing: dankoffer

Zapper

Die gerieflike, veilige manier om jou maandelikse en/of weeklikse bydrae te doen. Laai die "zapper-app" op jou selfoon en skandeer net die kode hiernaas om die bydrae te maak.